Vonk Jou Taal: Voordragkompetisie – Reëls en Regulasies

- Hierdie kompetisie is oop vir laerskoolkinders en word in 3 kategorieë verdeel:
  1. Graad 1 tot 3 leerlinge
  2. Graad 4 tot 6 leerlinge
  3. Graad 7 leerlinge

- Inskrywing is gratis.

- Hierdie jaar se tema is FAK-Sangbundel.

- Kies 1 gedig uit jou kategorie om voor te dra.
  (Onthou: gesigsuitdrukkings help om die gedig in volkleur oor te dra)

- Die gedig mag nie afgelees word nie.
  (Raad: Leer die gedig se woorde uit jou kop uit en oefen voor 'n spieël)

- Die voordrag moet per selfoon video opgeneem word.
  (Onthou: Die skrywer van die gedig se naam moet net na die naam van die gedig genoem word, alvorens die res van die gedig voorgedra word.)

- Die video-opname moet ingestuur word na wesley@toekomsvonk.co.za met die inskrywingsvorm daarby aangeheg.

- ToekomsVonk behou die reg om enige video-opname, wat onder die wenners inkom, op sosiale media en ander vorms van advertensie, ten bate van ToekomsVonk aan te wend.

- Let daarop dat benewens die prys toegeken soos per die uiteensetting hieronder, ToekomsVonk NPC geen verdere vergoeding aanbied aan die voordraers of enige persoon wat die video-opname gemaak en/ of ingestuur het nie.

- Pryse: Medaljes en sertifikate in elke kategorie vir eerste tot en met derde plek, asook 'n kontant bedrag soos hieronder uiteengesit:

Kategorieë:	Gr. 1 tot Gr. 3	Gr. 4 tot Gr. 6	Gr. 7
1ste Plek (Goud)	R300	R350	R450
2de Plek (Silwer)	R200	R250	R350
3de Plek (Brons)	R100	R150	R250

- Sluitingsdatum vir alle inskrywings: 31 Mei 2021.

- Bestuurslede en personeel van ToekomsVonk, Beoordelaars, asook hul gesinslede, mag nie deelneem nie.

- Geen korrespondensie sal oor die uitslae gevoer word nie en die beoordelaars se beslissing is finaal.

- Geen kommentaar word op individuele inskrywings gelewer nie.

- ToekomsVonk behou die reg voor om alle inskrywings na bekendmaking van die wenners te vernietig.

- Die wenners sal telefonies en per e-pos verwittig word alvorens die wenners op sosiale media en openbare forums bekend gemaak word. Die media sal ook van die uitslag verwittig word.

- Alle video-opnames wat ingestuur word na ToekomsVonk moet gestuur word saam met die inskrywingsvorm.

- Alle video-opnames ingestuur na ToekomsVonk, bly die eiendom van ToekomsVonk NPC.

Kom ons geniet ons pragtige taal, Afrikaans. Oefen daardie gesigspiere, leer die woorde van jou gedig en dra dit met oorgawe voor.

Ons sien uit na jou inskrywing.

Vriendelike Groete

Englie Botha
Direkteur: ToekomsVonk
ToekomsVonk NPC Reg Nr.: 2017/408421/08
www.toekomsvonk.co.za